



PERSVERKLARING

Senwes uitpresteer makro-ekonomiese toestande

Terwyl die landbou BBP dramaties gekrimp het gedurende die 2016/17 seisoen, het die Senwes groep se netto wins met 7,1% verhoog. Die groep het 'n netto wins van R167 miljoen aangekondig vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2017.

Groep HUB, Francois Strydom, sê: "Alhoewel die groepresultate steeds onder druk is weens die vorige jaar se droogte, het die maatskappy daarin geslaag om die makro-ekonomiese toestande uit te presteer."

Die finansiële resultate van die Senwes groep vir die 2016/2017 finansiële jaar reflekteer 'n omset van R9,9 miljard ('n verhoging van 7,6%) en 'n wins na belasting van R167 miljoen ('n verhoging van 7,1% in vergelyking met die R156 miljoen van die vorige jaar). Die genormaliseerde wesensverdienste het met 36,7% verhoog, vanaf 79,3 sent/aandeel tot 108,4 sent/aandeel vir die finansiële jaar.

Dividende

Met 'n interim dividend van 20c/aandeel (Maart 2017) en 'n finale dividend van 25c/aandeel verklaar deur die raad van direkteure, het aandeelhouers 'n dividendopbrengs van 4,3% op openingsekwiteit ontvang (2016 – 3,9%).

Ander belangrike finansiële verhoudings:

- Verdienste voor rente en belasting (EBIT) uit voortgesette bedrywe het met 14,9% verhoog vanaf R377 miljoen tot R433 miljoen.
- Inkomste het met 7,6% verhoog tot R9,9 miljard.
- Verdienste per aandeel is 98,3 sent (2016 - 90,6 sent per aandeel).
- Opbrengs op openingsekwiteit van 8,9% (2016 – 8,6%).
- 'n Verhoging in netto batewaarde van 63,4 sent per aandeel.

Toekomsvooruitsigte

Die landboubedryf verander vinnig. Daarbenewens sal die nuwe seisoen waarskynlik sy eie besondere uitdagings hê. 'n Laat seisoen, druk op silo's om graanlewering te finaliseer, groot hoeveelhede graan met 'n hoë voginhoud en lae pryse is van die uitdagings wat die grootste gedeelte van die somergraangebied in Suid-Afrika sal moet hanteer. Primêre landbou sal waarskynlik die groter ekonomie uitpresteer ten opsigte van groei, maar daar word voorsien dat die surplus kontant waarskynlik aangewend sal word om skuldvlakke te normaliseer.

Nieteenstaande die goeie oes, is dit onseker of die geskatte risikolak na normaal sal terugkeer. Die seisoen wat volg op 'n droogtesiklus word gewoonlik gekenmerk deur grootskaalse regstelling van klantprobleme en uitwinning van diegene wat nie die siklus kon oorleef nie. Belanghebbendes kan egter verseker wees dat Senwes sal voortgaan met sy belegging in innovasie en integrasie en dat hy sy relevansie vir die toekoms verder sal verhoog.

Embargo: 29 Junie 2017.

Navrae: Francois Strydom

Groep Hoof Uitvoerende Beampte

Tel: +27 18 464 7115

francois.strydom@senwes.co.za

www.senwes.co.za

Versprei deur Japie Fransman namens Senwes.